# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 177 17 April 2020




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**Grendeltyd en grenstyd.**

Die vreemdheid van die huidige situasie kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit is iets wat meer as een honderd jaar gelede laas gebeur het. Via Whatsapp deel ds. Rita van Antwerpen met ons die volgende rakende die 1918 Spaanse griep:

*"My ouma, Matty Schabort, is op 14 November 1900 gebore en is op 25 Mei 2001 oorlede.*

*My pa het in 'n klompie bandopnames van gesprekke met haar gemaak en dit later getranskribeer. Hier gesels sy oor die inslag van die Groot Griep van 1918 in die Villiers-Frankfort omgewing. Nou lees mens dit met 'n ander lens en verstaan soveel beter waardeur hulle gegaan het.*

*Dit het in Oktober 1918 begin. Ons het in die koerante gelees en gehoor van die Spaanse Griep, soos hulle dit genoem het, wat in die Kaap begin het. Daar is toe, ek dink op 11 Oktober, 'n groot vergadering op Frankfort gehou en dáár het ons eintlik vir die eerste keer meer van die erge griep in die Kaap gehoor. Ons is toe maar weer almal huis toe en oppad terug het ek as 'n jong meisie nog omgeruil met een van die mans wat op 'n perd langs die karre gery het, en 'n hele ent te perd saam met die karre gery. Ek was baie lief vir perdry. Ons het later die maand Nagmaal en kerkinwyding op Villiers gehad, ook in Oktober, en daar het ons agtergekom van die groot gevaar en geweldigheid van die griep. Die tente het opgeslaan gestaan en dit was 'n groot Nagmaal. Na gewoonte was die voorbereidingsdiens die Saterdag-middag. Toe dominee Le Roux op die preekstoel geklim het, het hy 'n gebed gedoen en toe 'n telegram voorgelees wat die regering aan al die gemeentes gestuur het dat daar geen dienste of byeenkomste van mense meer mag geskied nie. Dit het 'n vreeslike indruk op almal gemaak, om daar so uit mekaar te moes gaan.*

*<u>Hy het toe geen diens gehou nie? -</u>*

*Nee. Geen diens is gehou nie. Hy het net die telegram gelees en seker gesê, mag die Here almal bewaar ... Ons is toe uit die kerk uit en die boere het dadelik osse begin aanbring, dit was amper verwarrend, en almal is terug plase toe. Agter ons wa het in hulle perdekar aangery 'n neef van Ouma, oom Martiens Fourie en sy vrou Tant An. Hy is in die griep oorlede en sy was baie ernstig siek, maar het darem oorleef. Van die mense wat daardie middag uitmekaar uit is, het mekaar nooit weer*

*gesien nie. Die volgende was dat die skole gesluit is en die onderwyseres wat by ons was, Mej. Moll meen ek, is gehaal en die skool is vir 'n onbepaalde tyd gesluit. Dit alles het 'n gevoel van die geweldigheid van die saak gewek en jy was bang. Die poskantore was lateraan net 'n rukkie op 'n dag oop. Jy het dood oor die land gesien. Daar was geen vergaderings nie, geen niks nie. Dit was doodstil. Jy het naderhand maar net gehoor van bure of kennisse wat dood is. Die skole en stadsale was gebruik vir hospitale en mense is ingebring daarheen, en mense het sop gekook en aangestuur, maar die siekes het so vinnig doodgegaan. Op Frankfort was 'n snaakse geval gewees. Daar was twee van Villiers se mense in die hospitaal, 'n mejuffrou Blom en 'n meneer Oosthuizen. Hulle was albei uitgestoot na die kamer toe waar die sterwendes gehou is, maar hulle het albei oorleef en is later met mekaar getroud. Wat ons vreeslik geruk het, ons huisgesin was waarlik gelukkig gewees. Nie een van ons het die griep baie erg gekry nie. Ek het dit gehad en my Pa het dit in die vorm van maaggriep gehad, nie in die longe nie. Gewoonlik het hulle siek geword, net 'n hoes gegee en dan is daar al bloed in en dan onmiddellik baie siek en binne 'n paar dae sterf hulle. By party huise het mense wat miskien sop daarheen gevat het, byvoorbeeld afgekom op 'n bediende wat in die kombuis doodlê. Kom hulle in die kamer, hier lê een dood en daar 'n ander een wat baie ernstig is. Die kindertjies en die bejaardes het dit nie eintlik gekry nie. Dit was die middeljarige, sterk, gesonde mense wat daaraan dood is. Wat vir ons vreeslik was, ek sal nooit vergeet nie, dit het pragtig gereën dié jaar en die natuur was mooi, maar wat die mense betref was dit treurig. Tant Dinah en ek het een middag in die kamer gelê en lees of iets, mens gaan ook nêrens heen nie en jy kry nie kuiergaste nie, toe klop 'n man aan ons venster en gee 'n briefie aan dat ons oom Johannes Odendaal en sy vrou oorlede is. Dit was 'n vreeslike skok vir ons. Ek was verskriklik lief vir hulle, my peetoom en -tante. Daar is nie telefone nie en jy kan ook nie daarheen ry om te gaan hoor nie. Daar was kindertjies gewees. 'n Dogtertjie feitlik so oud soos ek, enetjie jonger, Lizzie, en 'n ou baba seuntjie.*

*<u>Het Mammie nie vir ons vertel van 'n baba wat nog by die moeder aangetref is nie?</u>*

*Ja, dit is my Pa se jongste suster. Sy en haar man het in 'n kamer op aparte beddens gelê, sy was reeds dood met haar baba in haar arms, haar man op die ander bed uiters ellendig. Hy het oorleef. Ek dink dit was 'n meneer Claassens wat sop daarheen gevat het, wat op hulle afgekom het, sý dood met die baba aan haar bors. Ek dink die baba, 'n seuntjie, is toe deur my Pa se suster, Tant Dewie Muller, grootgemaak. Een van die eerstes van ons familie wat dood is, was Koos 'n seun van my Pa se suster, Tant Mina Oosthuizen. Hy het 'n winkel gehad op Frankfort, 'n pragtige, gawe kêrel in sy fleur, sy kindertjies was nog klein. Toe is daar 'n prokureur dood op Frankfort, 'n Van Heerden. En toe in 1919 in Julie maand het die griep wéér gekom en toe is weer baie mense dood. 'n Neef van my Ma en sy vrou is vyf dae uitmekaar uit dood, Jan Fourie en sy vrou Nettie."*

Teen daardie agtergrond kan ons maar net bly wees ons lewe in die 21ste eeu. Die lewenswyses verskil baie van mekaar en ons lewe baie meer in stede en is daarom meer in noue kontak met mekaar. Toeka se mense kon die plaas vol beweeg. Sommige moderne mense se hele leefruimte is

kleiner as 'n vorige geslag se agterwerf. Dit beteken dat ons gou met mekaar opgeskeep kan raak. Die vertelling oor die Spaanse griep na die een kant toe, moet tog ook in ons eie situasie ander perspektiewe bykry. Die massa-histerie wat nou hoogty vier, kan deur verskillende statistieke in perspektief gebring word. Verskoon die Engels (bron soos aangedui in blok);


WORLDWIDE DEATHS THIS YEAR

1/1/2020 - 4/1/2020
https://www.worldometers.info/

10,670,908 Deaths from Abortion
2,807,806 Deaths from Starvation
2,061,853 Deaths from Cancer
1,254,997 Deaths from Smoking
422,032 Deaths from HIV/AIDS
338,886 Deaths from Traffic Accidents
269,209 Deaths from Suicide
246,250 Deaths from Malaria
211,416 Deaths from unclean drinking water
122,062 Deaths from Seasonal Flu
46,491 Deaths from Coronavirus

Neem verder in ag dat daar in Suid-Afrika jaarliks tussen 16 000 en 22 000 mense vermoor word, dan lyk die angs oor (*Corona* Covid-19) vreemd. Vreemde naam, so terloops, *Corona* wat van die Latyn kom en 'kroon' of 'krans' beteken. Hierdie is jaar een van hierdie siekte. Die argument was dat ons die kurwe van infeksie moet afplat. Ons gaan ongelukkig baie gou moet kies tussen doodgaan weens armoede en honger wat beslis sal kom, of die moontlikheid van siek word en sterf.

Intussen kom daar in hierdie tyd van isolasie sekere sake duidelik na vore. Die eerste is die humor wat so eie aan menswees is. Pogings om te lag in die aangesig van die pandemie is oral sigbaar.


21 dae van isolasie: Ek is wel dankie

Die normale ritme is nie meer daar nie. Tog gee ons vir mekaar om en is daar oral mense wat uitreik, mense wat namens ander inkopies gaan doen. Dit alles op eie risiko, en tog weet ons nie presies hoe groot die gevaar is nie.



In ons gejaagde lewe is daar konstante druk op ons verhoudings. Die feit dat baie van ons in die hele proses van mekaar vervreem geraak het, is 'n hartseer gevolg van vol programme. Dit is juis in hierdie tyd waar die ritme verstadig word, wat dit vir baie van ons voel asof ons in eie huis as ontheemde mense lewe. Dit bied aan ons weer nuwe uitdagings. Ons moet mekaar leer ken en weer leer om tyd saam te geniet.
Wat om te maak van hierdie situasie waarin ons is: Een van die ontstellende statistiek is die groot styging in gesinsgeweld. Dit is 'n hartseer toedrag van sake en dit het 'n pandemie gekos om ons te laat raaksien dat ons op voetsoolvlak 'n siek gemeenskap is wat dringend genesing nodig het.
Die opvoeding van ons juig is ŉ saak van uiterste belang. Hulle verteenwoordig die toekoms en ons het die roeping om hulle daarvoor voor te berei. Die verhouding tussen gades asook die verhouding tussen ouer en kind blyk in vele gevalle ongesond te wees. Talle ouers gaan dalk in die toekoms die kant van die onderwyser kies. Hulle onskuldige telge toon nou in hierdie ongefilterde tyd die vrugte van afwesige ouerskap.
Aan die ander kant is daar ouers wat nou besef dat daar ook in die opvoedings-ruimte leemtes is wat deur die owerhede se beleid geskep is. Daar is baie inligting wat die owerhede in ons kinders se lewe wil instuur, wat ons as Christen-ouers nie in ons kinders se lewens verwelkom nie. Tuisonderrig is dalk tog wel die belegging in tyd, energie en senuwees werd.




Dit is veral ten opsigte van die sogenaamde menseregte-kultuur waar ons sien dat die interseksie-ideologie, die slagoffer-wedren en die strewe na gewaande sosiale geregtigheid ons kinders se denke omdop. Daar is mense wat met ernstige probleme sukkel; dit is net nie raadsaam om hulle worsteling die norm te maak vir die gemeenskap nie. Die identiteitskrisis wat enkelinge ervaar, is nie die norm wat die normale aan die gemeenskap dikteer nie. In 'n tyd sonder krisis of stryd, sal die mens altyd iets soek om oor ontevrede te wees. Hoe beter dit gaan, hoe meer beuselagtig sal die saak wees waarvoor mense op 'n kruistog gaan. Geslagsidentiteit is een so 'n voorbeeld. Daar het al hoe meer stemme (eers in die VSA en Europa) opgegaan dat geslagtelik-heid nie binêr is nie, maar wel 'n glyskaal wat soveel as 19 opsies insluit! 'n Krisis soos Covid-19 ontmasker bogenoemde poeier-geveg vir die onbenulligheid wat dit is.




Daar is baie ander uitdagings wat in hierdie tyd uitkristalliseer; drankgebruik en -misbruik, finansiële bestuur, misplaaste prioriteite en vele meer. Ons is nie seker oor die toekoms nie, nou minder as vantevore. Ons weet wel dat hierdie tydperk sekere swakhede in ons mondering aan ons uitgewys het.

Ons kan hierdie tyd gebruik om die uitdagings te identifiseer. Rome is nie in een dag gebou nie, ons sal lank en hard moet werk om alles weer gesond te maak, eers moet ons net weet waarvoor die medisyne nodig is.

**COVID-19 EN FINANSIES**

Die staat se reaksie op die pandemie gaan 'n besondere impak op die land se ekonomie hê, insluitend lidmate en daarom ook die kerk.

Nêrens is daardie wyse woorde oor laastes wat eerste sal wees, meer waar as by die kerk nie. Gelukkig nie almal nie, maar by 'n groot groep mense is die kerk die laaste instansie aan wie 'n groter deel toegewys word, die laaste wat meer ontvang na 'n bonus, verhoging of bevordering van 'n lidmaat. Die kerk is na die ander kant toe die eerste waar daar gesny word by aflegging of inperking en daarom verminderde salaris. Sonder om nou in 'n debat of 'n verwytstryd betrokke te wil raak; die geld wat aan die kerk gegee word, is offergawes wat in dankbaarheid vir sonde vergifnis en verlossing van die dood gegee word. Tog gaan baie mense nou finansieel noustrop trek en moet daar vele gesprekke gevoer word. Gemeentes het sekere staande uitgawes wat ons almal ken. Met die instel van die grendeltyd het 'n paar bronne van inkomste vir die kerk net verdwyn. Baie lidmate se offergawes verdwyn. Daar is baie redes daarvoor wat insluit dat die diaken nie kontant kan kom haal nie, die tjek gaan hop omdat daar nie geld is nie en dies meer. Die kerk ontvang ook nie Sondae deurkollekte nie. Alle funksies is afgelas en baie gemeentes maak staat op die funksies om hulle begroting te laat balanseer.

Na aanleiding van telefoon en kletsgroep-gesprekke net sekere voorstelle om gemeentes te ondersteun in gesprekke en besluite wat geneem moet word:

Inkomste:

- ✓ Lidmate moet aangemoedig word om in te teken op die aftrekorders wat die meeste gemeentes wel het. Kontant raak duur, is onveilig en dra ook baie kieme.
- ✓ Lidmate kan per EFT (elektronies) offergawes gee. Onthou sommer om die deurkollektes by die bedrag in te sluit.
- ✓ Wat van 'n spaarvarkie tuis aanhou en ten minste elke Sondag (maar dalk elke keer as jy 'n oordenking hoor) geld daarin te gooi? Na die grendeltyd kan dit alles op een slag inbetaal word.

- ✓ Help die diaken of ouderling deur die kollektegeld in 'n koevert reg te hê of gaan betaal dit by die bank in en stuur die transaksie per SMS of WhatsApp deur. Onthou: die maandelikse uitgawes van die gemeente is nie besig om te hiberneer nie. Inteendeel.

<u>Uitgawes</u>

- ✓ Help die gemeente deur droë rantsoene te skenk. Indien die kerk dit nie hoef aan te koop nie, word geld gespaar. Die diakonaat moet al hoe meer mense help, dit is immers waarvoor hulle daar is!
- ✓ Skuld is duur. Maak seker dat die gemeente se kontantvloei positief is om onnodige rente en bankkoste te vermy.

<u>Predikante</u>

- ✓ Die hartseer waarheid is dat die gemeentes se eerste plek van spaar of besnoeiing juis die predikant is. Dit is 'n gevaarlike helling om op te beland. Dit is waar dat die gemeente nie die predikant betaal wat hy verdien of wat hy werd is nie, maar wat hulle kan bekostig. Tog skep dit interne spanning en beland gemeentes wat te ver op daardie pad beland in 'n spiraal wat nie maklik omgekeer kan word nie.
- ✓ Dit is haas onvermydelik dat daar 'n tussentydse gesprek en ooreenkoms sal moet volg.
- ✓ Ope gesprek en wedersydse ooreen-komste is van groot belang. Die predikant kry nie meer spesiale behandeling by die bank of die slagter of enigiemand nie. Hulle onkoste en nood is dieselfde as die lidmate s'n.
- ✓ As tussentydse maatreël kan na twee hulpmiddels gekyk word. Die eerste is om die verminderde traktement teen 'n rentevrye leningsrekening te verreken. Sodra die situasie herstel het, kan die "geleende" geld aan die predikant terugbetaal word.
- ✓ Die gemeente kan die opsies rakende die werkloosheidsversekeringsfonds ondersoek, soos alle ander instansies waarvoor die werkloosheidsversekering maandeliks betaal word, doen.

Mag hierdie opmerkings van hulp wees. Ons sal alle voorstelle en insette waardeer en op ons webwerf en ander elektroniese platvorms publiseer.

## HULP AAN VOLKSGENOTE

Volkshulp2000 en die Vlinderfonds wat beide volksgenote - ons mense - in nood help het 'n ongekende toestroming in die laaste week ervaar van mense wat nie kos het nie en terselfdertyd het hulle skenkings van kos en geld in hierdie tyd opgedroog omdat skenkers ook sukkel. Die nood is geweldig hoog .Enige hulp en bydraes wat u kan gee vir hulp aan behoeftige en honger blanke mense in hierdie tye sal waardeer word. Kontak asseblief Corrie du Plessis by Volkshulp2000 (082-682-7454, 012-755 -8201) en Renette du Plessis (082-896-8906 lepl@mweb.co.za ).

Ons gee ook die bankbesonderhede.

**Vlinderfonds** bankrekening Standard bank. Rek nommer: 271240490. Verwysing nommer: 01544556342. (U moet asseblief hierdie verwysing gebruik)

**Volkshulp2000**:

ABSA rek no 0010176514

(Takkode 632005)

## REGSFONDS BYDRAES

Die volgende is vanaf ds. Marais ontvang

VIR AANDAG: Finansiële Komitee

Wie dit mag aangaan,

Die finansiële komitee van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes het per elektroniese vergadering die volgende

besluit geneem en kommunikeer dit graag aan u:
In die lig van die ekonomiese impak wat die Grendeltydperk op individue en dus ook op gemeentes het, het die finansiële komitee dit goed gedink om ‘n grasietydperk van 3 maande aan gemeentes te gun met die oog op Regsfondsbydraes.
Dit impliseer dat u as gemeente**, in die lig van u eie ekonomiese omstandighede, kan besluit of u vir die maande van April, Mei en Junie 2020 met u regsfondsbydraes wil voortgaan**.
**U word egter versoek om asseblief vanaf Julie 2020 weer u betalings te hervat.**
Ons weet dat dit geensins kan opmaak vir die verliese wat die meeste gemeentes in hierdie tyd lei nie, maar hoop dat dit u tog in u omstandighede kan help.

**SUIKERBOSRAND FONDSINSAMELING**
Uitnodiging aan alle lidmate van ander gemeentes:
Ons gemeente is een van die jongste en kleinste gemeentes in die kerk.
Op Saterdag 9 Mei 2020, hou ons ons vyfde basaar en ons wil graag al die lidmate betrek by ‘n gedeelte van ons fondsinsameling. (Die datum sal moontlik verander)
Hierdie fondsinsameling gaan oor ‘n skildery van Paul Botes:
Paul Botes is ‘n Kapenaar gebore in 1940, in Kaapstad. In 1968 verhuis hy na Benoni in die Oos Rand en vestig hom daar, hy is wel-bekend vir sy skilderye oor Suid - Afrikaanse landskappe, o.a. Die Donkie Kar, Rustige Stroompie, Skadu Spel, Stil Lewe en Visserman Huis. Hy is ook tans die voorsitter van die Benoni Kuns Vereniging.

Die besondere skildery soos op die foto is beskikbaar aan die hoogste aanbod wat gemaak word, die aanbiedinge kan per epos aan die skriba van die gemeente gestuur word tot en met 6 Mei wanneer die bod gesluit word. Die bekendmaking sal tydens die basaar op 9 Mei gedoen word.



Die skildery se waarde soos bepaal deur die Benoni Kuns Vereniging is R 8560 om u ‘n idee te gee van die waarde.
U is ook welkom om die basaar saam met ons te kom geniet, ons belowe dat dit ‘n gulde geleentheid sal wees om met ons gemeentelede kennis te maak en ook te kan sien hoe die Hemelse Vader hierdie klein gemeente van Christus versorg en in Sy hand vashou.
Groete in Christus
Die uwe
Oudl. N van Huyssteen - Skriba

**MAKWASBYEENKOMS**
Emeriti en ander predikante: Dagboek solank 12 September 2020 vir die jaarlikse Makwasbyeenkoms. Die Dorkas gaan op hierdie Saterdag emeriti, hulle gades en ander predikantspare feestelik onthaal. Dit val saam met die Bondsvergadering.

**KWILT 2020**
Geloofsbonddames Kwilt 2020 Tema: “Nostalgie” Dis tyd om aan die werk te

spring om die volgende kwilt te maak. Indien daar van julle is wat nog insette wil lewer, of blokke wil maak, sal dit baie waardeer word.
Laat weet my asseblief indien jy 'n bydrae (raad of blokke) gaan maak omdat my hande jeuk om te begin. Volgens ons beplanning vra ons:
1. Roomkleurige blokke v 100% katoen - 12 x 12 duim (30cm by 30cm).
2. 'n Masjien geborduurde ontwerp van ongeveer 6 x 10 duim met as tema nostalgie.
3. Die volgende kleure (saam met ander kleure wat in die ontwerp voorkom) moet asseblief geel, oranje, rooi en groen wees.
4. Borduur asseblief julle kerk (gemeente) se naam in die regterkantste onderste hoek.
5. Blokke moet asseblief op die laatste voor einde Mei 2020 na my, Alida van Wyk gestuur word. As ek dit vroeër kan kry sal dit nog beter wees.
My kontakbesonderhede: 083 680 5121
Lekker werk!

**VERSOEKE UIT DIE WILGE (POTCHEFSTROOM)**

Ons hier by Die Wilge-gemeente het dringend 'n bussie in 'n padwaardige toestand nodig om die Geloofsbond studente te kan bedien. Die kerk is 6 km van PUKKE af. Wie kan help? Skakel met ds. Wolmarans.
Stuur asseblief die name en kontak-besonderhede van al julle gemeente se jongmense wat hulle hierdie jaar in Potchefstroom bevind. Ons is gereed om hulle besig te hou.

**VILLA STONEY B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com



2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron
Maak seker u gemeente het lootjielyste ontvang.
Stuur asseblief u vol lyste terug.